

In jou huis, by jou werk, skool of in die land is jy deel van die oplossing of deel van die probleem? Is jy lig of duisternis? Is jy 'n bouer of breek jy af?

Het jy in die week wat verby is die wêreld 'n beter of 'n slegter plek gemaak?

Het jy rustig agteroor gelê of as God se gestuurde, 'n vreemdeling in die wêreld, sy Koninkryk laat kom?

Die Here roep ons om deel van sy oplossing te wees. Wat beteken dit?

Skriflesing: Fil 1:27-2:18.

Tema: Bou jy of breek jy?

Here roep ons om deel van sy oplossing te wees. Wat beteken dit? Ons kan lank daarvoor praat, maar ons gaan net by 3 punte stilstaan:

1. **Staan vas – in geloof op Jesus Christus**
2. **Staan saam**
3. **Stap op en stap saam met Christus**

1. Staar vas in geloof op Jesus Christus

Teken gou in jou gedagtes 'n prentjie van 'n huis. Die fondament, die belangrikste deel van die huis, teken ons nie, want ons sien dit nie.

Ons lees in 1 Kor 3:11: "want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie.

Die fondament is Jesus Christus." Ons moet kies om op Jesus as die fondament te bou.

In Matt 12:30 sê Hy: "Wie nie aan my kant is nie, is teen my..."

In die dien van die Here is daar geen goue middeweg nie. Of jy bou op die Here, of jy bou jou eie koninkryk. Of jy is deel van die oplossing, of deel van die probleem, jy bou of breek, jy is lig of duisternis.

Om deel van die oplossing, bouer en deel van die lig te wees gaan nie maklik wees nie. Dit bring lyding.

Jesus het gely

Paulus ly as hy die brief aan die gemeente in Filippi skryf. Hy sit in die tronk omdat Hy die Here dien en die goeie nuus verkondig.

Ons lees van sy lyding as kind van die Here in 2 Kor 6 & 11: 5 maal het hy lyfstaf van 39 hou gekry; 1 maal is hy met klippe gegooi en vir dood agtergelaat. Hy het in die tronk beland, 3 maal het hy skipbreuk gely, dikwels was sy lewe in gevaar, hy het nagte sonder slaap deurgebring en was honger en dors en sonder 'n dak oor sy kop.

Ons lees in Fil 2:17: "Julle geloof is 'n offer in diens van God."

In Fil 1:28 word ons opgeroep om: "in geen opsig ons deur ons teenstanders te laat afskrik nie."

En in Fil 1:29 staan daar: “God het julle die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, **maar ook deur vir Hom te ly.**”

Daar gaan mense wees wat jou goedheid misbruik of met jou spot. Daar gaan mense wees wat die lewe vir jou moeilik maak. Moet jou nie deur hulle laat afskrik nie. Staan vas in geloof.

2. Staan saam

Mike Bolhuis sê die volgende oor SA se hoë misdadafsyfer: “Dit is omdat 2 mense 4 opinies en 5 kerke het. Mense sien ander mense in kategoriee van politiek, geloof en kleur en nie as medemense nie.” Hy glo dat solank as wat Suid-Afrikaners nie kan saamstaan teen die gemeenskaplike vyand(misdad) nie, gaan daar nie verandering of verbetering kom nie.

Nelis Janse van Rensburg, voorsitter van die Moderamen van die NG Kerk in Wes-Kaapland, skryf in sy reaksie teen plaasaanvalle en geweld in SA onder andere die volgende:

“Alle Suid-Afrikaners behoort saam te staan teen moord en geweld. Daar is geen regverdiging daarvoor nie. Dit is nie net die taak van die polisie om mense te beveilig nie. Alle Suid-Afrikaners sal moet opstaan en saamstaan om mekaar te beveilig. Die bou van verhoudings oor alle grense, die deel in mekaar se broosheid en nood, die afbreek van onmenslikende stereotipes, die bou van brûe en ordelike sosiale druk met die oog op ‘n gedissiplineerde en ordlike samelewing is ons almal se verantwoordelikheid.”

Die gemeente in Filippi is die eerste Christelike gemeente in Europa. Dit is ‘n klein en arm gemeente waar lidmate vir mekaar omgee, mekaar help en bystaan. Maar hier was ‘n uiteenlopende groepering van mense in die gemeente. Ons lees van:

- Lydia die sakevrou en haar huishouding
- die tronkbewaarder wat ‘n Romeinse soldaat was en sy gesin,
- waarskynlik ook die slawemeisie wat vroer met okkulte bedrywighede besig was.

Die kans is baie groot dat die een of ander tyd vonke gaan spat tussen die mense. En daar was dan ook onenigheid onder die lidmate. Die spanning tussen twee vrouens in die gemeente was so erg dat Paulus hulle in die brief aanspreek. Ons lees in Fil 4:2: “Ek vermaan vir Euodia en ek vermaan vir Sintige om eensgesind te wees in die Here.”

Die eenheid en eensgesindheid van die gemeente word verder bedreig deur dwaalleraars. Dit is daarom dat Paulus hulle en vir ons oproep in Fil 1:27 om: “volkome eensgesind standvastig saam te stry vir die geloof in die evangelie.”

Aan die begin van Filippense 2 skryf hy: Julle is verlos deur Jesus Christus en gevul met die Heilige Gees: “maak dan nou my blydschap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe.” (Fil 2:2)

Ons land se leuse is : **“Uiteenlopende mense verenig”** of **“Mense wat verskillend is, kom saam.”** Dit is wonderlik dat dinge soos die wen van die rugbywêreldbeker ons saambring, maar dit is iets wat in die 1ste plek in en tussen Christelike gemeentes behoort te gebeur. Ek is opgewonde as verskillende Christelike gemeentes in ons land een stem kry in die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Hier in ons stad praat ons saam as die Transformation Christian Network.

3. Die laaste ding waartoe die Here ons oproep, is om op te staan en saam te stap met Christus.

Ons lees in Fil 1:27: **“Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die ewangelie van Christus wees.** In 1 Joh 1:5b-6 lees ons: ⁵God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie. ⁶As ons beweer dat ons aan Hom deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg ons en handel ons nie volgens die waarheid nie.” Wie in geloof deel is van die Here, lewe ‘n lewe van lig.

Ek moet dien soos Christus. Hy het nie aan sy Goddelike status vassek nie. Hy het Homself verneder deur die gestalte van ‘n slaaf aan te neem, aan mense gelyk te word en Homself verder verneder deur in ons plek te sterf aan ‘n kruis. Eers daarna het God Hom verhoog. Soos Hy, is ons nie op aarde om verhoog te word nie. Dit sal die Here doen wanneer Hy ons kom haal om by Hom te wees. Ons is op aarde om te dien. In Fil 2:3-5 lees ons: ³Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. ⁴Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander. ⁵Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:”

Fil 2:12: **“Ons moet altyd gehoorsaam wees.”**

In Fil 2:14-16a lees ons die volgende van bouers:

Doen alles sonder kla of teëpraat

Sorg dat julle bo alle verdenking staan, onberispelik kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense.

Tree op as ligdraers in die wêreld deur die woord van die lewe uit te dra.

As ek stilbly of niks doen nie, is ek deel van die probleem. Sonde is nie net iets wat ek doen nie, ek sondig ook wanneer ek stilbly wanneer ek moet praat en bly sit wanneer ek moet opstaan. Ek moet optree as ‘n ligdraer.

Ons is nie beter as enige ander mens nie, maar ons is anders. Verlos deur Jesus Christus en gevul met sy Heilige Gees staan ons op en stap saam met Hom.

Ek maak klaar.

Dit is baie makliker om brekers te wees as bouers. Die Here roep ons vandag op om bouers en deel van die lig te wees. Ons moet in geloof vasstaan op Hom as fondament. Ons moet saamstaan, in die eerste plek met alle medegelowiges, maar ook met medemense wat deel wil wees van die opbou van die land. En ons moet opstaan en saamstap in die voetspore van Jesus Christus – so is ek en jy vandag deel van sy oplossing.

Amen

Gebed van Piet Naudé

Here, u geloof in ons as u kerk verstom en beskaam ons.

Ons bely voor U ons ingeperktheid,

ons na binne gerigtheid,

ons blink gesmeerde vettigheid,

ons krom vingers wat u seën krampagtig vashou en dit nie uitdeel nie.

Ekskuus, Here, ekskuus.

Maak ons draers van u woorde met minder van ons eie idees.

Maak ons bringers van u vrede met minder van ons eie belang.

Here help ons om na die wêreld uit te reik sonder aansiens des persoons.

Sonder aansiens des persoons.

Here, help ons dat die staat ons nie met wetgewing hoef te dwing om lief te hê nie.

Gee dat ons barmhartigheid sal bewys aan hulle wat dit die minste van ons verwag.

Maak ons lief vir die eenheid in u kerk:

liewer as vir die gesangeboek,

liewer as vir ons kerkorde,

liewer as vir ons knusse liturgiek,

selfs liewer as vir Afrikaans.

Want dis hoe U liefhet, Here

juis ter wille van u kerk.

of nee, ter wille van die wêreld.

Amen